# ‘n Vakansie sonder spanning

Liberty Groep Adviesdienste

Maak seker dat jou finansiële huis in orde is sodat jy jou vakansie kan geniet en die nuwe jaar sonder spanning kan tegemoet gaan.

## Het ek my rekeninge betaal?

Hierdie tyd van die jaar is dit maklik om te vergeet om rekeninge te betaal. Vermy ‘n slegte kredietrekord deur te verseker dat al jou betalings vir Desember op datum is. Terselfdertyd is dit ‘n goeie idee om van jou rekeninge vir Januarie vroegtydig te betaal: sodoende kom jy nie in die versoeking om die geld vir jou verpligtinge op die vakansie te bestee nie!

## Het ek my lewensversekeraar en my mediese fonds ingelig dat ek in die buiteland gaan reis?

As jy buite Suid-Afrika gaan reis, is dit ‘n goeie idee om jou versekeraar en mediese fonds in kennis te stel, veral as jy voornemens is om na ‘n land te reis wat as ‘n hoë risiko beskou word.

Ongeag van waar jy reis, is jy normaalweg ten volle verseker op jou lewensversekeringspolis – solank jou versekeraar weet waarheen jy reis. Stel egter vas of jy bykomende versekeringsdekking benodig voordat jy jou reisreëlings finaliseer. Dit is veral belangrik met betrekking tot ongeskiktheidsdekking.

Indien jy enige spesifieke siektetoestande het, is dit raadsaam om by jou mediese fonds vas te stel of jy reisdekking het.

## Het ek reisversekering nodig?

Reisversekering word gewoonlik in jou reispakket ingesluit en dit dek normaalweg mediese toestande sowel as behandeling. Dit geld veral as jy per kredietkaart betaal het. Lees egter die besonderhede van jou dekking noukeurig deur sodat jy die dekking ten volle verstaan, asook wáár en hóé om te eis.

## Het ek voldoende lewensversekering?

Vra jou finansiële adviseur of jy die regte dekking het vir ingeval jy byvoorbeeld teen ‘n hoë spoed van jou ski’s sou afval! Die meeste mense voel ietwat angstig wanneer hulle reis, veral in die buiteland. Jy kan nie die wêreld beheer nie, maar jy kan wel verseker dat jy die regte versekeringsdekking het indien iets sou verkeerd loop.

## Is my versekeringspremies op datum?

Huisbraak- en padongeluksyfers skiet in hierdie tyd gewoonlik die hoogte in. Verseker dus dat jou korttermyn-versekeringspremies op datum is om ‘n wrede ontnugtering te vermy.

## Is my testament op datum?

Weerspieël jou testament jou wense? Het jy ‘n spesifieke voog vir jou kinders aangewys? Dit is nou ‘n goeie tyd om jou testament in oënskou te neem, veral as daar groot veranderinge in jou lewe was soos ‘n huwelik, egskeiding, of die geboorte van ‘n baba.

## Is my dokumente toeganklik?

Hoewel ‘n mens nie graag daaraan dink nie, kan dinge wel verkeerd loop terwyl jy met vakansie is. Maak seker dat jou familie weet waar om na belangrike dokumente soos jou testament en versekeringspolisse te

soek. Verseker ook dat hulle nood-kontakbesonderhede het, soos inligting oor jou mediese fonds en jou dokter se telefoonnommer.